

Resensie

Na die wette van afskeid en herfs – 'n keuse uit die gedigte van Eddy van Vliet

Vertaler: Daniel Hugo

Roné Wierenga

Na die wette van afskeid en herfs (2021), 'n keuse uit die poësie van die bekroonde Nederlandse digter Eddy van Vliet wat deur Daniel Hugo saamgevat en vertaal is, bied 'n vergestaltung van die bewoë bewustheid van verlies en verganklikheid wat Van Vliet se oeuvre kenmerk. Verlies aan liefde en die uiteindelijke afsterwe van geliefdes – veral die afwesige, onpeilbare vaderfiguur – herinner aan laatstyl. Van Vuuren (2014: 695) skryf oor laatwerk onder meer die volgende:

[T]ipies is 'n gevoel van isolasie en 'n stoïsynse gestrooptheid in die laatwerk van skrywers. Werklik groot kunstenaars bied in hulle laatwerk dus insig in een of ander irrasionele en absolute waarheid, ten spyte van die ruheid van die styl, die pessimisme teenoor die lewe, die mens en die geringskatting van hulle eie waarde.

In Van Vliet se gedigte is isolasie, 'n gestrooptheid, asook vereenvoudigde taalgebruik en versstrukture egter nie beperk tot sy laaste werke nie, maar kenmerkend van sy oeuvre soos in die gedig “Biografie” (bl. 11) (oorspronklik uit sy bundel *Columbus tevergeefs*, 1970) gedemonstreer word:

ek is gebore in 'n wintertuin
sonder maagkanker
en met 'n merel in die keel

ek sal sterwe in 'n winter
met maagkanker
en 'n kondor in die keel.

Die opregte wyse waarop uiting gegee word aan diepgesetelde emosies en naakte gedagtegang oor binêre opposisies soos liefde en verlies, lewe en dood, afwesigheid en aanwesigheid, spreek tot die neoromantiese beweging wat veral handel oor die tematiek van verlange en 'n onvervulde bestaanservaring.

Sommige van Van Vliet se gedigte, soos “Beeld in Salamanca” (bl. 79), herinner veral aan die skoonheidskultus wat met die neoromantiese beweging geassosieer word, terwyl die gedigte oor die afwesige vaderfiguur en verlore liefde veral spreek tot die selfbetrokke meditasies en ervaring van maatskaplike oorbodigheid en melankolie – sien byvoorbeeld “As” (bl. 75). Van Vliet behou sy weerbaarheid in ironie en selfrelativering – sien onder meer “Pa” (bl. 17), “Met pastelpotlode van Talens & Zoon” (bl. 21) en “’n Jaar voor hy vir goed die huis verlaat” (bl. 23):

’n Jaar voor hy vir goed die huis verlaat
 en ek hom in die kombuis
 – my stem in ’n handdoek gewikkel –
 ’n lafaard noem
 leer ek my pa latyn

Met die rekening van ’n vreemde hotel in sy sak
 skryf hy getrou aan plig en sondagsrus
 – belcanto op die agtergrond –
 die genitief van *lupus* neer en *ancilla* vir bediende

Die spysverteringstelsel van die mossel
 boei hom meer
 as my te laat ontdekking dat trane sout is.

Van Vliet se vermoë om met eenvoudige taal ’n byna tasbare outobiografiese beeld te skep, word weerspieël in Hugo se eenvoudige vertalings wat ’n ongekunstelde beeld, gestroop van pretensie, weergee. Alhoewel Van Vliet se eenvoudige sinstrukture en woordkeuses die Nederlandse gedigte toeganklik maak vir Afrikaanse lesers, bewerkstellig Hugo tog ’n verdieping van die emosies in sy vertalings wat ook so sentraal in Van Vliet se digkuns staan. Die Afrikaans anker die gedigte in ’n persoonliker konteks en kultuur vir die Afrikaanse leser waardeur ’n mate van transtaling steeds plaasvind. Een voorbeeld hiervan kom in “Waterglas 1” (bl. 28-29) voor. In die oorspronklike Nederlands lees dit soos volg: “Maar wat weet een zelfvoldaan waterglas / over zijn familie die enkel rijpt / aan gulzige lippen, geverfd en luidruchtig”, terwyl dit in die Afrikaans gestel word as: “Maar wat weet ’n selftevrede waterglas / van sy familie wat slegs floreer / aan gulsige lippe, geverf en luidrugtig”.

Die bundel bestaan uit 13 dele wat elkeen ’n keur uit Van Vliet se digbundels bevat. Die 36 geselekteerde gedigte verteenwoordig die digter se oeuvre met gedigte wat dateer van Van Vliet se eerste bundel, *Het lied van ik* (1964), tot sy

laaste bundel, *Gigantische dagen* (2002), en werk uit die publikasie *Laaste gedichten* (2003) wat ná sy sterwe verskyn het. Twee van Van Vliet se digbundels staan egter sentraal, te wete *De binneplaats* en *De toekomstige dief*, waaruit ses gedigte elk by *Na die wette van afskeid en herfs* ingesluit is, terwyl uit ander bundels slegs een of twee gedigte gekies is. Hugo, in 'n onderhoud met Yves T'Sjoen, verklaar egter dat daar nie doelbewus meer gewig in sy keur gegee is aan sekere van Van Vliet se bundels weens hul prominensie in die Nederlandse kanon nie, maar dat die keuse van gedigte op Hugo se persoonlike voorkeure gegrond is (T'Sjoen en Hugo, 2021).

In die gedigte in *Glazen* (1979) (bl. 28 tot 39) word water-, whisky-, konjak- en jenewerglase gepersonifiseer. Hierdie verse bied 'n welkome onderbreking van die natuurmotief wat so sterk na vore kom in die pessimistiese gedigte van 'n jong Van Vliet wat sukkel om vrede te maak met die lot wat hom in die lewe beval het en sy pa se dwalende oë (soos in “Die kuslyn verander nie vir die visser”, bl. 25), asook die liefdesverse wat die teleurstellings wat Van Vliet as jong man ervaar (sien byvoorbeeld “Soos wat die oggend die nag binnedring”, bl. 49), liries oordra.

Die bundelsamestelling skep 'n tydlyn wat nie net die publikasiedatums van die gedigte chronologies aanbied nie, maar ook Van Vliet se lewensverloop naboots en openbaar. Die bundelstruktuur ondersteun dus die sterk persoonlike en outobiografiese aard van die gedigte en beklemtoon die prominentste temas en motiewe in Van Vliet se werke.

Virtuele Instituut vir Afrikaans en Noordwes-Universiteit

Bronnelys

- T'Sjoen, Yves en Hugo, Daniel.** 2021. Onderhoud met Daniel Hugo: Na die wette van Afskeid en Herfs. Versindaba. <https://versindaba.co.za/2021/09/20/onderhoud-met-daniel-hugo-na-die-wette-van-afskaid-herfs/>. (Datum van gebruik: 12 April 2022).
- Van Vuuren, Helize.** 2014. D.J. Opperman se laatwerk. *LitNet Akademies*, 11(2): 688-714.